SÊ JOU SÊ!

# NUWE WEERGAWE VAN DIE STRATEGIE VIR REISAANVRAAGBESTUUR

Die Stad nooi alle belangstellende en belanghebbende partye om kommentaar oor die bywerking van sy strategie oor reisaanvraagbestuur (TDM) te lewer.

Sit jy in die verkeer vas? Om Kaapstad leefbaarder te maak, moet die toename in stedelike verkeer bestuur word. Sê jou sê oor hoe die Stad die afhanklikheid van motorvoertuie en mobiliteitsgewoontes hanteer om pendel meer volhoubaar te maak en so mense se reistyd, gesondheid en die klimaat te verbeter.

Die TDM-strategie is ʼn groep maatreëls wat daarop gemik is om die beweging van mense te bestuur deur die gebruik van bestaande vervoerkapasiteit en -infrastruktuur optimaal te benut. Dit bevorder volhoubare vervoermodusse en -keuses bo die bou van nuwe infrastruktuur vir private voertuie.

Hierdie strategie is ʼn kernkomponent van die Stad se omvattende plan vir geïntegreerde vervoer (CITP) vir 2023-2028 , en beskryf hoe om ʼn balans te tref tussen reisaanvraag en die voorsiening van vervoerinfrastruktuur en die bedryfskapasiteit van alle modusse, wat noodsaaklik is om die doelwitte van ʼn geïntegreerdevervoerstelsel te bereik.

Die doel van die strategie is om verkeersdruk te verlig en reistyd te verminder deur die vraag na motorvoertuiggebruik gedurende spitstye te verminder, veral vir voertuie waarin net een persoon is. Daarbenewens is die mikpunt om tot omgewingsvolhoubaarheid by te dra deur motorvoertuiggebruik te verminder.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om vanaf Woensdag 15 Oktober 2025 tot Donderdag 13 November 2025 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit voor te lê.

**Kommentaar, aanbevelings of insette kan soos volg ingedien word:**

- E-pos: UrbanMobility.CT@capetown.gov.za (meld verwysing 110252603)
- Aanlyn: Skandeer die QR-kode om jou kommentaar digitaal in te dien
- Gaan na www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Skriftelike voorleggings: Vorms vir skriftelike voorleggings is beskikbaar by jou naaste subraadskantoor of Stadsbiblioteek

bitly

Die TDM-strategie en die beknopte opsomming is beskikbaar vir besigtiging:

- Op die Stad se webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- By alle subraadskantore en Stadsbiblioteke

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef of uit benadeelde groepe is en nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help. Kontak Zandile Mahlasela by 021 400 5501 of Zandile.Mahlasela@capetown.gov.za.

**Vir nog inligting oor die projek, stuur ʼn e-pos aan UrbanMobility.CT@capetown.gov.za of kontak die projekbestuurder by 021 400 4717.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA176/2025**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**